

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2019 OM
09:00 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Fanie Groenewald
Martiens Kunneke
Riekie Pienaar
Hettie Jooste

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter open vergadering met gebed en heet almal welkom.

2 VERSKONINGS

Lana Pepler, Joe Meyer, Otto Pepler.

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES

Die volgende notules word aanvaar en goedgekeur:

Bestuurskomitee: 4 Junie 2019

Dagbestuur: 30 Julie 2019

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 Omgewingsake

Notas en fotos van die vordering met die werk aan die duine is via Whatsapp van Joe ontvang en versprei.

Die pak van die takke is nie voltooi voor Joe se vertrek nie en Walter, Martiens en Fanie het onderneem om toesig te hou oor die werkers. Ongelukkig het dit nie volgens plan verloop nie en die werkers se diens is voortydig getermineer.

Walter het per epos met Daniel Benson gekommunikeer rakende die rehabilitasie van die duine en het versoek dat Nomvelo en haar span so spoedig moontlik met die beplanting sal moet begin, aangesien die wind reeds die sand, wat na die see se kant verskuif is, terug land toe waai. Vir vestiging van die plante sal water benodig word – die boorgat op Rufus Dreyer se plaas of een van die nuwe boorgate kan tydelik vir die doel gebruik word.

AKSIE: DANIEL/JOE

4.2 Watervoorsiening

Die toerus met pompe en opkoppeling van die twee nuwe boorgate is ook met Daniel bespreek. Dit sal voor die vakansieseisoen gedoen moet word aangesien huidige voorsiening nie genoeg is om aan die aanvraag tydens vakansietye te voldoen nie.

AKSIE: DANIEL/OTTO

4.3 Paaie

Opknappingswerk is weer aan verskeie paaie gedoen. In Grunterstraat is keerwalle gebou en Perlemoenstraat is opgevol.

Op die hoek van Tornyn- en Perlemoenstraat is 'n groot gat wat aandag moet kry.

AKSIE: JOE

Die pad dorp toe is in 'n baie swak toestand. Hettie sal weer 'n poging aanwend om uit te vind wat die stand van sake is.

AKSIE: HETTIE

4.4 Finansies

Martiens rapporteer die stand van die finansies:

Fondse beskikbaar is ±R70 000; Trustfonds ±R18 000.

Daar is ongeveer R15 000 betaal aan Joe vir onderhoudswerk aan die paaie, lone en instandhoudingswerk.

4.5 Gemeenskapsaal

Martiens en Maryna het 2 yskaste bekom en dit geskenk vir die saal. Hulle word bedank.

Walter het vir Frank Tamboer gekontak rakende die SLA. Tot op datum is geen terugvoer ontvang nie. Hettie sal weer met Frank opvolg.

AKSIE: HETTIE

Die saal se fondasies is besig om oop te spoel en dit kan probleme veroorsaak aan die konstruksie. Willie Botha het 'n paar vragte grond belowe, maar dit het nog nie gerealiseer nie. Hettie sal weer met Willie opvolg.

AKSIE: HETTIE/JOE

Die dak lek ook nog steeds, maar kan eers aangespreek word sodra die SLA in plek is.

Om die saal meer bemerkbaar te kry moet die kombuis opgegradeer word. Daar sal gepoog word om 'n stoof te bekom. Hettie vra dat 'n plafon ge-installeer word aangesien die kombuis baie onhigiënies is as gevolg van die vlermuismis. Kwotasies hiervoor sal verkry word.

AKSIE: HETTIE

4.6 Afvalstortingsterrein

Daar is nog steeds geen toiletgeriewe aangebring nie.

AKSIE: LANA

Die terrein is oor naweke gesluit en dit veroorsaak 'n probleem vir naweekgangers. Martiens en Walter onderneem om die stukkende dromme in die dorp te vervang met die nuwe dromme wat bekom is en om ook 'n paar ekstra op strategiese plekke te plaas sodat naweekgangers hul vullis daarin kan plaas. Sodra die dromme aangebring is sal Hettie dit kommunikeer.

AKSIE: MARTIENS/WALTER/HETTIE

4.7 Umzamowethu

Adriaan rapporteer die volgende:

- Daar is op die oomblik 'n groot instroming van mense, wat by die windplaas werk, na Umzamowethu en die oorbevolking raak 'n groot probleem. Daniel is ingelig hieroor.
- Gevalle van Scabies is aangemeld. Daniel is hieroor ingelig en dit is by die Departement van Gesondheid gerapporteer.

- Die kliniekdienste is opgeskerp en die suster besoek Umzamowethu nou gereeld.
- SASSA besoek Oesterbaai ook nou een keer per maand.

Adriaan verrig 'n reuse taak in Umzamowethu en almal spreek hul dank uit vir sy onbaatsigtige toewyding aan hierdie moeilike taak.

4.8 Brandweer

Riekie sal via die NSRI uitvind wat die stand van sake is.

AKSIE: RIEKIE

Walter meld dat die Burgemeester vermeld het dat die bou van die Brandweerstasie nog sal geskied. Geen tydraamwerk is voorsien nie.

Lodewyk van die NSRI het aangedui dat die bouwerk aan die NSRI gebou binnekort sal begin. Die brandweersleepwa sal dan tydelik daar gehou word. Dit staan tans by Lodewyk se huis.

4.9 Berig in Kouga Express en Our Times

Fanie sal aandag gee sodra rehabilitasie aan duine begin.

AKSIE: FANIE

4.10 Kommunikasie/Nuusbriefe

Hettie het per epos met almal op die globale verspreidingslys kontak gemaak om hulle in te lig dat daar nie meer 'n nuusbrief versprei gaan word nie, maar dat kommunikasie per Whatsapp geskied en het versoek dat belangstellendes hul telefoonnommers moet aanstuur. Geen terugvoer is ontvang nie en daar word dus volstaan met die bestaande Whatsappgroep.

4.11 Biblioteek

Die biblioteek is 'n reuse sukses. Baie mense maak gebruik daarvan en dit het sommer 'n lekker kuierplek ook geword. Dank word uitgespreek aan almal wat gereeld nuwe boeke skenk.

Anita en Hylien word weer bedank vir hul onbaatsugtige en vriendelike diens.

4.12 Diereprojek

Adriaan berig dat daar onlangs 'n klagte ingedien is deur Dr Piet Rossouw oor honde wat op een van die erwe in Umzamowethu vasgemaak staan sonder kos of water. Dit is aan die DBV gerapporteer, die honde is tydelik verwyder, versorg en weer terugbesorg.

Wendy Williams koördineer die besoek van die DBV om die honde te kom dip. Daar sal versoek word dat hulle tydens die volgende besoek deur Umzamowethu beweeg om seker te maak dat alle diere goed versorg word.

AKSIE: ADRIAAN

Fanie en Cornelia onderneem om die inkomste uit hul stalletjie tydens die Kontreifees aan die diereprojek te skenk en hulle sal ook 'n donasiebus by hul tafel plaas vir dié doel.

5 NUWE SAKE

5.1 Kontreimark

Die Oesterbaai Kontreimark sal op 23 Desember plaasvind.

- Fanie berig dat die reëlings goed op dreef is. Aansoekvorms is versprei en uitstallers sal gekeur word sodra die sperdatum verstryk.
- Deeglike bemarking sal gedoen word en Riekie stel voor dat 'n Facebookblad geskep word. Dit dra almal se goedkeuring weg.
- Borge sal gesoek word om die koste van die vlaggies ens te dek.
- Kouga FM en moontlik Radio Algoa sal genader word om meer publisiteit te verleen.

AKSIE: FANIE/RIEKIE

5.2 Kersdiens

Daar word besluit om vir Philip Venter of Barry Tolmay te vra om die kersdiens waar te neem.

AKSIE: HETTIE

5.3 Algemene Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering sal op 19 Desember om 10:00 plaasvind.

5.4 NSRI

'n Versoek is ontvang van 'n vakansieganger wat gereeld van die swemplek by die rotse aan die Oostekant gebruikmaak dat een van die pienk reddingsboeie daar geplaas word. Lodewyk het bevestig dat dit R1500 kos. 'n Paar van die mense wat daar naby woon en gereeld van dié swemplek gebruikmaak, is genader vir donasies en beloftes van R1900 is ontvang.

Toestemming word verleen dat die fondse voorlopig in die OIV rekening inbetaal kan word en dan later aan NSRI oorbetaal word.

AKSIE: HETTIE

6 ALGEMEEN

6.1 Rdl Benson se besoek

Alle sake wat met Rdl Benson bespreek is, is in bostaande punte vervat.

6 VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal in die week van 26 November gereël word.

7 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER

.....
SEKRETARESSE

DATUM:.....